



JustTransitions

FEITEBLAD
SEWE

05


Die Landbousektor se Aanpassings- en Versagtingsplan vir Klimaatsverandering (AVKV)

Wat is die AVKV?

Suid-Afrika is 'n ondertekenaar van die VN se Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering, asook van die Kyoto-protokol onder die Konvensie. Met die ondertekening daarvan, het die regering ingestem om aksie teen klimaatsverandering te neem. Dit sluit aksie in om emissies van kweekhuisgasse (KHG) te verminder (versagting genoem) en om aanpassing by verwagte impakte te ondersteun.

Landbou in Suid-Afrika is baie kwesbaar vir klimaatsverandering. Dit dra ook by tot klimaatsverandering deur emissies. Landbou kan egter ook bydra tot die oplossings. Dit kan 'n absorbeerder word as agro-ekologiese praktyke gebruik word.

Die regering het landbou as 'n prioriteitsektor vir beplanning rondom klimaatsverandering geïdentifiseer in:

- 
- 2012** Nasionale witskrif in antwoord op klimaatsverandering
 - 2019** Nasionale aanpassingstrategie vir klimaatsverandering
 - 2022** Wetsontwerp op Klimaatsverandering

In 2015 het die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye die eerste Aanpassings- en Versagtingsplan vir Klimaatsverandering (AVKV) gepubliseer.¹ Dit was veronderstel om ná vyf jaar hersien te word, maar dit het nog nie gebeur nie.



AVKV se **vernaamste** afdelings

Die AVKV dek landbou en kommersiële bosbou. Dit sluit in:

- agtergrond oor klimaatsverandering en die regering se mandaat om te reageer;
- bestaande kwesbaarhede in Suid-Afrikaanse landbou en bosbou;
- verwagte impakte van klimaatsverandering op landbou en bosbou; en
- voorgestelde aanpassings- en versagtingspraktyke

1. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/36063gen7.pdf





Bestaande kwesbaarhede in landbou en bosbou

In Suid-Afrika kom alle boere voor algemene omgewingsuitdagings te staan, met insluiting van:

- 'n groot afhanklikheid van water en besproeiing. Suid-Afrikaanse landbou gebruik reeds tot 65 % van alle beskikbare oppervlaktwater;
- natuurrampe, veral droogtes, oorstromings en veldbrande;
- swak grond op die meeste plekke, wat geneig is tot agteruitgang;
- bosindringing en uitheemse indringerplante;
- gewasse wat sensitief is vir reënval en vir wanneer dit ryp;
- stygende koste van konvensionele insette, insluitende kunsmis, plaagdoders en vervoer; en
- omgewingsensitiewe en ekonomies-marginale weiveld.

Weens verskillende vlakke van kennis en hulpbronne om te reageer, ervaar verskillende boere en gemeenskappe die impakte egter verskillend. Landelike gemeenskappe, informele nedersettings, kleinboere en swart vroue, wat min hulpbronne het, is die kwesbaarste.



Verwagte impakte van klimaatsverandering

Die AVKV toon die verwagte impak van klimaatsverandering in landbou en kommersiële bosbou.

Dit is belangrik om daarop te let dat dit generies is vir die land se streke. Elke spesifieke plek sal egter sy eie toestande hê. Dit beteken dat plaaslike ontleding van impakte en kwesbaarhede nodig is, en aksies moet by die plaaslike konteks aangepas word.

Temperatuur en reënval is die belangrikste faktore vir landbou. Vir Suid-Afrika sal die primêre impakte vermoedelik soos volg wees:

- **Warmer en droër toestande** in die meeste dele van die land wees, veral in die weste (Noord- en Wes-Kaap). Daar is 'n verwagte styging in temperatuur van tot 3,5 °C oor die volgende 40 jaar.
- 'n Groter skommeling in reënval, veral in die weste en noorde van die land.
- Toestande sal na verwagting effens natter wees in die ooste, veral in KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap se bergagtige gebiede.
- 'n Toename in die aantal en erns van uiterste weersgebeurtenisse, soos droogtes, oorstromings, hittegolwe en veldbrande.



Feiteblad 4 bied meer inligting oor die verwagte impakte van klimaatsverandering in landbou en op die voedselstelsel.

Aanpassing

Die AVKV stel baie verskillende volhoubare boerderypraktyke vir aanpassing voor. Voorbeelde wat in die AVKV gegee word, sluit in om die grond nie om te ploeg nie of om die grond minder te versteur, permanente grondbedekking (byvoorbeeld deur 'n deklaag of dekgewasse), veelgewasverbouing, geïntegreerde gewas- en veeproduksie, afwisseling van gewasse, meer gebruik van inheemse spesies en om water te oes.

Die AVKV gebruik Climate Smart Agriculture (CSA) en Conservation Agriculture as raamwerk, maar baie van die voorgestelde praktyke strook ook met agro-ekologie. Die AVKV sluit egter niks oor die regverdige maatskaplike en ekonomiese transformasie in wat 'n integrale deel van agro-ekologie is nie.



Feiteblad 6 bied meer besonderhede oor aanpassing in die voedselstelsel en agro-ekologie as deel van die oplossing.



Versagting

'n Afname in KHG-emissies is 'n belangrike deel van 'n doeltreffende reaksie op klimaatsverandering. Inligting in die AVKV oor emissies is beperk tot slegs landbou en kommersiële bosbou. Dit skenk nie oorweging aan emissies in ander dele van die voedselstelsel nie.

Die AVKV toon dat die vernaamste bronne van emissies in landbou afkomstig is van:

- vee (verteringsprosesse en gasse wat vrygestel word, veral deur beeste);
- verandering in grondgebruik (veral van grasvelde/bosse na landbou);
- grond wat met groot masjinerie omgeploeg word;
- stoppels en afval wat verbrand word (soos suikerrietlande ná die oes); en
- die gebruik van fossielbrandstof en landboumasjinerie/-toerusting.

Die AVKV sê:

- VERMINDER KHG-emissies; en
- HERSIEN landboubeleid om aksies oor versagting en aanpassing in te sluit.

Beperkings van die AVKV

Die AVKV bied oor die algemeen nuttige inligting, ontleding en voorstelle, maar dit het ook swakhede.

1. Boerderymodel

Grootskaalse kommersiële landbou word as die norm beskou. Die AVKV het geen kritiese ontleding van die kommersiële sektor nie en verwag van die mark om klimaatsverandering op te los. Daar is geen spesifieke teikens om emissies te verminder nie.



Kleinboerdery word uit die staanspoor as nie-lewensvatbaar beskou en klimaatsverandering sal dit net erger maak. Die AVKV stel voor dat plase groter moet word om te oorleef. Dit is geneig om gemeenskaplike vee- en kleinskaalsaai-boere vir die agteruitgang van die omgewing te blameer.

Klimaatsverandering hou wel 'n bedreiging vir kleinboere in, maar kleinboere is deurslaggewend tot 'n regverdige oorgang. Agro-ekologiese produksie is 'n belangrike deel van die oplossing. Die AVKV herken nie hierdie potensiaal nie.

2. Konseptuele raamwerk

Die AVKV se raamwerk is Climate Smart Agriculture (CSA). Die CSA se pilare word omskryf as die:

- verhoging van produktiwiteit en inkomste;
- verbetering van veerkragtigheid van lewensbestaan en ekosisteme; en
- verwydering van KHG-emissies en die verhoging van koolstofafsondering.



Dit is baie wyd en maak voorsiening vir baie verskillende benaderings, wat wissel van agro-ekologie tot korporatiewe wanvoorstelling van omgewingsvriendelikheid (greenwashing). Die CSA stel nie enige fundamentele verandering in die struktuur of beheer in die voedselstelsel voor nie.

'n Regverdig oorgang en agro-ekologie is veel sterker raamwerke. Dit dek omgewings-, maatskaplike en ekonomiese dimensies. Hierdie konsepte bevorder progressiewe oorgang na voedselsoewereiniteit en agro-ekologie.

3. Emissies en versagting

Aldus die AVKV is landbou verantwoordelik vir slegs 5 % van Suid-Afrika se totale emissies, maar hierdie berekening is gegrond daarop dat bosse en grasvelde se groot koolstofberging afgetrek word. Dit gee 'n vals prentjie van landbou-emissies.

Die AVKV se syfer sluit ook nie emissies van die breër voedselstelsel, soos die vervaardiging en gebruik van kunsmis, energie en vervoer, vervaardiging, afvalverwydering en dies meer, in nie. Wanneer dit bygetel word, verhoog se voedselstelsel se emissies tot sowat 18 % van Suid-Afrika se totale emissies.

Spesifieke teikens vir die vermindering van emissies moet vir die kommersiële landbou sektor (en die hele voedselstelsel) gestel word, ongeag of 'die mark' dit vereis of nie.

4. Bestek van die AVKV

Die AVKV kyk slegs na landbou en bosbou, maar in werklikheid hou hierdie sektore sterk verband met die breër voedselstelsel, visserye, biodiversiteit, grond en water. Daar is 'n behoefte vir doeltreffende koördinerende tussen departemente vir geïntegreerde planne wat regoor hierdie sektore strek.

Die AVKV wys op die belangrikheid van die integrasie van landbouproduksie in breër landskap- en ekosisteembepanning en -bestuur. Meer besonderhede is egter nodig oor hoe dit kan gebeur, insluitende die belangrikheid van deelnameprosesse.

Klein- en bestaansboere, werkers en maatskaplike bewegings moet toetree tot die gesprek sodat die AVKV op hul prioriteite en behoeftes kan reageer.



Feiteblad 2 bied meer inligting oor die voedselstelsel en Feiteblad 3 gee meer besonderhede oor emissies van die voedselstelsel.